Oordenking
7 Desember 2009

Advent gaan nie oor vermaak nie.

Gaan Kersfees vanjaar 'n verskil aan jou lewe maak?
Ons het gister die tweede Adventskers aangesteek. Ons vier die koms van die Messias - Jesus Christus.
Die feestyd het nou net begin – maar baie het alreeds hul mensgemaakte messiasse begin dien – soos die onverantwoordelike spandering van geld wat vermaak die sentrale waarheid van Kersfees wil maak.

Carl Trueman vra in sy boek "The Wages of *Spin*" waarom mense so oploop gaan met vermaak dat dit selfs 'n afgod word. Hy sê: ***Distraction** is the production of entertainment **for the purpose of taking one's mind off the deeper realities of life**.*

Mense fokus op hulle eie messiasse om seker te maak dat hulle nie die vrae wat die Adventstyd so prominent vra, hoef te antwoord nie.
En die vrae van hierdie tyd van die jaar, handel oor die rede waarom ons lewe - en wat gebeur as ons sterf. Maar ontkenning maak die lewe soveel makliker. Dis makliker om ons innerlike onrus te verdoof met vermaak, as om die vrae te antwoord wat Jesus kom vra het.
Die vermaak-gode wil ons juis verhinder om diep na te dink oor dit waaroor die lewe werklik gaan, want dan moet ons lewens verander en moet ons die regte rigting begin volg. As ek dink dat my grootste probleem verveeldheid is, gee my asb tog net 'n speelding!
Maar as my pyn veroorsaak word deur sonde, dood en straf - het ek iets (iemand!) nodig wat nie deur geld gekoop kan word nie.

Die Adventstyd gaan nie in die eerste plek oor vermaak nie. Mat 1:21 sê dat die Koningskind gekom het om ons van sonde en die dood te verlos. Die Wyse Manne uit die Ooste het baie moeite gedoen om die pasgebore Koning van Israel te kom dien en vereer. Hulle het koninklike geskenke vir die Kind gebring. Wat 'n uitsonderlike daad van aanbidding en lof.

Ons moet die Jesus-kind eer op 'n manier wat Hom waardig is en dit bevestig deur in sy Koninkryk te belê en genoeg tyd te maak om Hom werklik te aanbid. Kom ons hou op om selfsugtig te wees gedurende hierdie Advent- en Kersfeestyd - en buig diep neer voor die enigste Koning wat werklik saak maak, en dink diep na oor ons geloof in Jesus en hoe ons Hom volg en liefhet.

Kom ons bring ons aanbidding aan die Jesus-kind – wat lankal nie meer 'n kind is nie, maar die almagtige Christus, die ewige Koning wat in die hemel, op aarde en in ons lewens regeer.